
# Oyster Bay NEWS OesterbaaiNUUS

December 2024


• Nuusbrief van die Oesterbaai Inwonersvereniging • Newsletter of the Oyster Bay Residents' Association •



## Lekker Staproetes >>>




Slangrivier Wandelpad



# Oesterbaai vir die Natuur!

Die Oesterbaai Inwonersvereniging se wense is dat vakansiegangers hul verblyf hier terdeë sal geniet. Daar word verskeie plaaslike aktiwiteite vir die seisoen beplan. Oesterbaai se grootste skat is sy ongerepte natuurskoon en dit is 'n stapper se droom.

**Puntjie Wandelpad** Jy kan 'n vinnige strand stap in 'n Westelike rigting aanpak, puntjie toe en terug en sonder om eers agter te kom, het jy 12 km gestap.

**Oesterbaai Vleiloerie Wandelpad** Die 40 minute staproete begin aan die onderkant van Tunastraat en spog met lieflike uitsigte van berg en see. Daar is volop inheemse plantegroei en dis 'n fees vir voëlkykers. Op die wandelpad is daar sitplekkies sodat stappers die lieflike omgewing rus-rus kan geniet.

**Slangrivier Wandelpad** Is jy lus vir 'n avontuur in die natuur? Die Slangrivier-roete is 'n 2.3 km kuswoud- na strandveld ervaring. Die roete spog met 'n verskeidenheid plantsoorte.

*Bokkie Lombard* het reeds geruime tyd die wandelpad uitgelê wat na Oyster Bay Lodge se kant strek. Dit is 'n stappie wat jou plek-plek lekker gaan laat sweet, maar die stapper word beloon met woud geluide en 'n rustige waterstroom.

*Met* 'n styging van 55m en 'n daling van 60m, sal hierdie pad sekerlik jou vermoëns toets, maar elke tree is die moeite werd. So, pak jou sonskerm en insekweerder en gaan kuier in die mooie natuur.

**Thyspunt Wandelpad** Die wandelpad aan die Oostekant beloon mens met 'n verskeidenheid van fynbos en rots kus avonture. Kyk uit vir sloepe waar jy kan snorkel en visvang of jy kan sommer net op 'n klip sit en branders kyk. Pak jou swembroek en snoepgoed in en hou 'n lekker piekniek by Thyspuntbaai.

*Stap vir jou gesondheid*, stap vir plesier, stap om te kuier of stap sommer maar net! Oesterbaai is 'n stapplek!

*Los jul karre* by die huis en stap rustig deur ons mooi dorpie. Gaan drink 'n lekker melkskommel of 'n skemerkelkie op die Nautilus se stoep en geniet die son wat sak.




## Nuwe Ingang

Oesterbaai is trots op sy nuwe ingang!
Na vele onderhandelinge en beplanning, was ons bly om ons nuwe verwelkomingsmuur in Oesterbaai te onthul.
Die nuwe ingang is ingewy op 1 November 2024. Gemeenskapslede van Oesterbaai en Umzamawethu was teenwoordig.




## African Black Oystercatcher

The African Oystercatcher or African Black Oystercatcher (Haematopus Moquini) is a large charismatic wader resident to the mainland coasts and offshore islands of Southern Africa.
This near-threatened Oystercatcher has a population of over 6,000 adults, which breed between November and April.








# Biblioteek

*Die ledegeld beloop R30 per jaar. Vakansiegangers is ook welkom om aan te sluit.*

*Die Biblioteek is van 10:00-11:00 op 'n Donderdag oop in die Gemeenskapsaal.*

*Hier is Afrikaanse en Engelse leesstof, ook kinder- en tienerboeke.*



Planting of Yellowwood Trees




## Community >>>

# The Co-Op Invests in Oyster Bay

Oyster Bay benefits from the (SEF) Social Employment Fund.

The Humansdorp Co-Op, our local agricultural supplier, was selected by the Industrial Development Corporation (IDC) to implement the Social Employment Fund (SEF) program in the Sarah Baartman District. Through this program, the Co-Op employed a thousand participants across various community-benefit projects, including 50 participants from the Umzamowethu community.

**Activities completed in 2024:**

- Installation of netting as part of Kouga Municipality's dune rehabilitation initiative.
- Planting of approximately 300 trees throughout Oyster Bay.
- Establishment of three food gardens, with 30 individuals trained in regenerative farming techniques.
- Clearing and maintenance of local hiking routes.
- Placement of ten school assistants at Sandwater Primary School to support teachers.

The Oyster Bay SEF program represents a strong partnership between the Co-Op, the OIV, Kouga Municipality, Tourism, and the local community.

We are currently focused on cleaning and clearing the Slangriver Hiking Route.

Bouwen Schellingerhout from Paradokx Wave was appointed as environmental advisor and supervisor for this program.

Dune Rehabilitation Program





African Oystercatchers predominantly feed on molluscs such as mussels and limpets, although they are known to also feed on oysters, insects and potentially, even fish.

**Kouga Call Centre** for all service issues: please call 042 200 2200, press option 5 or WhatsApp 081 760 9183.
**NSRI Station 36** for emergencies: 082 990 5968
**Waste Disposal:** Waste removal is on Thursdays.
**Vuurwerke:** Vuurwerke en papierlanterns is verbode in Oesterbaai of op die strand.
**Oesterbaai Inwonersvereniging:** Alle inwoners, besoekers en vriende van Oesterbaai, agtien jaar en ouer, kan lede wees. Lidmaatskapgeld vir 2025 is nou betaalbaar en beloop R 50 pp of R 600 donasie per gesin per jaar.
**OIV se bankrekening**: ABSA, Tak: 632 005, Rekeningnr: 405 2178 885
**Verwysing:** Naam, van en erfnommer.

# OIV Algemene Jaarvergadering

**- 18 Desember**
**- 10:00**
**- Saal**



Nominasies vir die Bestuurskomitee van die OIV kan nou gedoen word.

Nominasievorms is by Riekie of Anita (Sekretaresse) by Marlynstr.10 beskikbaar.

Voltooide nominasievorms moet die dag voor die vergadering aan ons terugbesorg word.

## Eredienste

15 Desember 2023 Ds. Rossouw
25 Desember 2023 Ds. Muller

## Desember Kalender

| | |
|---|---|
| 15 Kerkdiens | 09:00 Saal |
| 20 Kersmark | 10:00 Saal |
| 31 Mnr en Mej OB | 12:00 Saal |
| 18 OIV AGM: | 10:00 Saal |
| 25 Kersdiens | 09:00 Saal |
| 31 Oujaarsdans | 18:00 Saal |

## Nautilus Kafee & Restaurant

Die Nautilus bied aan, ons tweede Mnr. en Mej. Oesterbaai vir 2024!

Inskrywings is gratis en die inskrywingsvorms is by die kafee beskikbaar.

Toegang vir die Oujaarsdans is R 250 per persoon. Die fondse gaan vir Oyster Bay Healing Centre. Die prys sluit in die volgende:

- Kroning van Mnr. en Mej. Oesterbaai
- Driegang maaltyd
- Lekker 80's Dans

Inskrywings sluit 16 Desember
Vir meer inligting: 072 461 6657

**www.oesterbaaieiendomme.co.za**



**BEACH UNLIMITED SEA VIEW**

Beautiful 5-bedroom house with 5 bathrooms, 2 x open plan kitchens with open plan living rooms, only one bedroom without sea view. Lots of cupboards in the bedrooms and kitchens. Double story.

**Only R 4 950 000** 082 568 1759






# Living Water Altyd aan die Beweeg

Living Water het 'n uitstekende naskoolprogram waar kinders in veiligheid hul huiswerk kan afhandel. Die span onder leiding van Zani Stoffberg sorg ook vir noodsaaklike lewensvaardighede wat die kinders op prettige wyse aanleer.

**Nautilus Restaurant Visit**

Without them realising that we needed more funding to at least provide the children with something to eat, a ministry friend donated enough money for us to take the children to the Nautilus restaurant, here in Oyster Bay. The restaurant generously accommodated us regarding pricing and we were able to give the children hamburgers and milkshakes.

Madelein and her team went further than necessary or expected from them. The tables where decorated and each child got a Santa hat and lucky packet. The food was excellent and the children stuffed themselves. A few of them had to be rolled to the vehicles.

We are extremely grateful for the kindness, hospitality and acceptance we felt at the restaurant. To Madelein and her team, we say thank you. The children do not get the chance to sit down at a restaurant often, or at all. We were received with smiles, were assisted quickly and fed incredibly well. The Lord bless you and keep you.

We would also like to thank Neil Dreyer for assisting us in driving the children to and from Umzamowethu.



Nautilus Team spoiling Living Water Children

African Black Oystercatchers are monogamous and can mate for life. They lay their eggs within 30m of the high water mark and their nests are usually scrapes in the sand or a collection of shells on a rocky substrate.



## Kliniek in Umzamawethu!



Lésa Seeney en haar span



### Oesterbaai Genesing Sentrum

Living Water het verlede jaar September die fondasie van die kliniek gelê. Dit was moontlik gemaak deur die skenkings van mense uit die nabye gemeenskap.

Dis met groot dankbaarheid en trots dat die kliniek voltooi is en dat daar reeds programme in werking is.

Huidiglik wag die kliniek vir hul lisensie van die Departement van Gesondheid. Dit kan enige iets van twee tot twaalf maande duur. Lésa Seeney (‘n gekwalifiseerde plaaslike apteker en voorgeboorte spesialis) en haar span van drie, gaan die kliniek beman. In die interim floreer die Tuisversorgingsprogram waar Lallie en Sandy ondersteuning en versorging aan bejaardes en siekes in die gemeenskap verskaf.

Die Healthy Mom and Baby Kliniek van Jeffreysbaai het onlangs die kliniek besoek.

Hul het verskeie dienste aangebied, van swangerskapskanderings tot weeg van babas en immunisasies.

Indien jy graag hierdie projek wil ondersteun, kontak asb vir Lésa by 082 677 7178 of by admin@oysterbayclinic.co.za




**Toekenning!** Lésa Seeney is onlangs deur die Hoërhuis van die Parlement, die Nasionale Raad van Provinsies, vereer vir haar uitsonderlike, onselfsugtige en uitstaande diens aan die Oos-Kaapse gemeenskap. Hierdie eer het Lésa te beurt geval as gevolg van haar visie om ‘n kliniek vir die landelike gemeenskap van Oesterbaai en Umzamowethu op die been te bring. Die oorkonde van vermelding en gelukwense is deur Hennie Britz, die plaaslike DA perlementslid aan Lésa oorhandig.

**Raad vir Bloublasies**

Die bloublasie se tentakels brand jou as die klein angels aan jou vel raak. Krap die angels af met ‘n plat ding soos ‘n kredietkaart, spoel af met seewater en klim dan in ‘n warm bad. Gewone water sal die brandaksie aktiveer.



Oesterbaai: Plek van die groot “S”: Son, Sand, See, Stap, Sweet, Stort, Samesyn, Smul en Slaap




TAILORED LANDSCAPING
FYNBOS NURSERY
ECO-REHABILITATION
PARADOKX WAVE
BOUWEN 066 217 1446



# Oesterbaai Brand!

*Bring die water, bring die sand!*





Op 4 Februarie 2024 is Oesterbaai sleg verras deur ‘n veldbrand wat gou onbeheerbaar geword het.

Brandweerdienste en die NSRI van Oesterbaai, Jeffreysbaai, Port Elizabeth en St Francis, tesame met inwoners en vrywilligers van die St. Francis Disaster Volunteer Group het almal aan die werk gespring om die vuur te blus.

Die skade was hoofsaaklik beperk tot die natuurlike bos wat vir weke daarna nog vlam gevat het.

As gemeenskap wil ons weereens vir elkeen wat op enige manier hulp verleen het, dankie sê.

Mense het water, kos, oogdruppels en noodhulp middels gebring of self uitgegaan om vlamme met emmers water te blus. Die mense van Working On Fire en die Munisipaliteit het onverpoosd deur die hitte van die dae gewerk om smeulende kole te blus.

Danksy Die Koöperasie se “Greening Team” is 150 nuwe bome en struike aangeplant. Dit was skenkings van inwoners, Kouga Munisipaliteit, die OIV en die Koöperasie se SEF Program.

‘n Verskeidenheid bome en plante is aangeplant, dit sluit in: Kamferbome, Kusvaalbos, Outeniqua Geelhout, Wilde Pere, Waterboom, Bos Vlier, Melkhoute, Kersiehout, Vals Olyf, Blombos, Duine Salie, Duine Kraaibessie, Witysterhout, Woudwaterbessie, Aasbossies en Num-Num.

Ons dank die Here dat daar nie ernstige beserings was nie. Ons is werklik ook dankbaar vir die reënbuie wat gevolg het.

Die oorsprong van die brand is onbekend.



Die 30ste November was Stasie 36 se amptelike Mandjiedans by Grassridge Venue, trots geborg deur Spar en bygewoon deur 550 gaste. Die volgende kunstenaars, Appel, Herman Kleinhans, Deon Meiring, Jakoos en Kie en ons eie plaaslike NSRI leerling bemanningslid, Vanja Oosthuizen het gaste vermaak.
Oesterbaai NSRI het R250,000 by hierdie geleentheid ingesamel.

## Oesterbaai NSRI, Stasie 36…


Oesterbaai NSRI het 3 tot 5 Mei die voorreg gehad om 80 NSRI-vrywilligers by ons basis te verwelkom vir 'n ongelooflike (MEC) Maritieme Noodsorg opleidingsnaweek.

Baie dankie aan Johan Loubser en Wouna du Plessis, wat 'n deeglike en insiggewende kursus vir vrywilligers van Oesterbaai, Stormsrivier, Eersterivier, Gariep, Port Alfred, Port Elizabeth, Jeffreysbaai en St. Francisbaai aangebied het.

Baie dankie ook aan Relay EMS vir hul hulp met die praktiese opleiding die Saterdag.

Hierdie opleidingsnaweek het in 'n ware reddingsituasie ontaard die Saterdagmiddag, met onbeheerde veldbrande wat ons dorp bedreig het. Deur vinnige optrede en ongelooflike spanwerk is 'n ramp voorkom. Working on Fire het 'n opspoortuig en helikopter gestuur het om te help met die brand.

Dankie aan elke NSRI vrywilliger wat hierdie naweek 'n onvergeetlike sukses gemaak het. Ons het kennis gedeel, by mekaar geleer en kon ons vaardighede prakties toegepas met die onvoorsiene veldbrand.




## NSRI Training at Oyster Bay





### Water Wise Uitreik na Pharos@Duinevlei Skool.



Reinette van Aswegen het op 24 April die geleentheid gehad om “Water Wise” vaardighede met 24 laerskool leerders by ‘n klein plaasskooltjie te deel. Dit behels inligting oor waterveiligheid en hoe om verdrinkings te voorkom. Dankie Reinette vir die tyd wat jy insit om hierdie waardevolle inligting na plaaslike skole te bring. Jou passie en toewyding is aansteeklik en dit het ‘n grootse impak in ons gemeenskap!





**2 BEDROOM HOUSE CLOSE TO THE BEACH**
Open plan living/ dining room, leading to the deck with sea and dune views, also leading to the stoep at the back with outside braai. Open plan kitchen with cupboards. One full bathroom, 2 bedrooms with built-in cupboards. Close to the beach , nice sunny house with enough light. **R 1 695 000**

**www.oesterbaaieiendomme.co.za**
**082 568 1759**